



PROGRAM / PROGRAMME

Aangebied deur Tuin-Op-Die-Brak

Presented by Tuin-Op-Die-Brak



PROGRAM

VIR BESPREKINGS / FOR RESERVATIONS:



Quicket
EXPERIENCE AWESOME

QUICKET: <https://qkt.io/6qCIN8>

Indien u hulp met Quicket nodig het kan u Fynbos Apteek in Stilbaai besoek waar Lizette, Danele of Diane u sal bystaan. Neem u bankkaart en selfoon met die bank applikasie saam.

Should you need assistance with Quicket you can visit Fynbos Pharmacy in Stilbaai where Lizette, Danele or Diane will assist. Take along your bank card and cell phone with the banking app loaded.

Algemene navrae / General enquiries:

Ma/Mon – Vry/Fri 09:00 – 17:00: 072 417 4527 /info@milkwodtours.co.za

Sien ook toere en ander aktiwiteite wat privaat bespreek kan word onderaan die program. **Volg asseblief Tuin-Op-Die-Brak op Facebook vir opdatings van die program.**

Also see tours and other activities which can be booked privately at the end of the programme.

Please follow Tuin-Op-Die-Brak on Facebook for updates of the program.

FYNBOSFEES FYNBOSHOL (PRETDRAF/STAP)

FYNBOSFESTIVAL 'FYNBOSHOL' (FUN RUN/WALK)

Sat 21 September 08:30 (wegspring / start Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak) R30pp

(einde / end Fresh Lemon, Main Road East)



Die tweede Stilbaai Fynbosfees begin Saterdag 21 September en ons skop af met 'n gesinsaktiwiteit wat ons die Fynboshol noem en waar jy Stilbaai se Fynbos en natuurskoon kan bewonder terwyl jy deur Pauline Bohnen Natuurreserveat beweeg. Bring jou tekkies, jou bergfiets, jou hond, jou vierwiel stootwaentjie, jou kerie of loopraam en kom draf/loop/kruip saam. Wegspring om 8:30 vm by die Tuin-Op-Die-Brak se Kiosk en sal eindig by Fresh Lemon Restaurant. Afstand: ±5km of tot jy nie meer lus het nie. R30 per persoon. Waterpunte beskikbaar. Pretpryse kan gewen word. Kinders onder 10 moet deur 'n ouer vergesel word.

Join us for the second Stilbaai Fynbos Festival which starts on Saturday, September 21st, with a family-friendly event we call the 'Fynboshol' – a Fun Run/Walk, where you can enjoy Stilbaai's Fynbos and natural beauty while you follow the route via the Pauline Bohnen Nature Reserve. Bring your sneakers, mountain bike, dog, four-wheel stroller, kids, or walker, and come run/walk/crawl with us! The event starts at 8:30 AM at the Kiosk at Tuin-Op-Die-Brak and will end at Fresh Lemon Restaurant. The distance is ±5km or as far as you feel like going. R30 per person. Water stations will be available and fun prizes can be won.

OPE DAG / OPEN DAY – TUIN-OP-DIE-BRAK

Sat 21 September 2024 08:30 – 14:00

Kom kyk hoe lyk die Tuin-op-die-Brak se kiosk terwyl jy lekker inkopies doen en sien wat die kwekery alles bied!

Come and have a look the Tuin-op-die-Brak kiosk whilst doing some retail therapy and see what the nursery has in stock!



KUNSUITSTALLING / ART EXHIBITION

Sat 21 September 11:00- 12:00 Opening Gratis / Free

Ander dae / Other days Ma/ Mon – Sat 11:00 – 14:00

STILBAAI GALERY bied daaglik 'n uitstekende kunsuitstalling met Fynbos as tema aan. (Oslerstraat 50, skuins oorkant Tuin-op-die-Brak). Opening is Saterdag 21 Sept. 11:00 – 12:00 Gratis, almal welkom.

Ander dae oop Ma – Sat 11:00 – 14:00

S T I L B A A I
G A L E R Y

stilbaaigallery.co.za

STILBAAI GALERY has an excellent Fynbos-themed art exhibition on for the duration of the festival. (50 Osler Street, opposite Tuin-op-die-Brak). Opening: Saturday 21 September 2024 11:00 – 12:00. Free, everyone welcome. Other opening days Ma – Sat 11:00 – 14:00

KUNSVLYT MET FYNBOS / ART AND CRAFT WITH FYNBOS

Sa 21 September 15:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-BrakGesinsaktiwiteit / Family activity Aanbieders/ Presenters: Andor Venter, Naomi van Schalkwyk & Johanna Leuvenink (R60)

Kom wees kreatief en maak mooi dankiekaartjies en geskenkkaartjies, of unieke geskenke soos boekmerke, memo-bladsye, skinkbordlappies of selfs 'n skilderytjie. Ons voorsien alles wat benodig word – 'n verskeidenheid mooi papier en karton, kouelym vir montering, monteergereedskap en gedroogde fynbosplantmateriaal om van te kies (parmantige pers blommetjies van die Septemberbossie, pikante pienk Erica-blommetjies, Protea-skutblare met sagte wit wimpertjies, die Strandsalie se fluweelbedekte grys blaartjies, wit donsige vruggies van die Kapokbossie en nog baie meer). Die laaste stap is om julle skeppings te lamineer. Ons sal daar wees om hulp te gee soos benodig. Kinders onder 10 moet deur 'n volwassene vergesel word.

Come and be creative with Fynbos! Imagine a beautiful greeting card or gift tag, or unique gifts like bookmarks, memo-pages, tray cloths or even a picture made from Fynbos leaves and flowers. We provide everything you will need – different types of paper and cardboard, cold glue for mounting, mounting instruments, a variety of dried Fynbos material to choose from (dainty purple flowers of the Butterfly bush, delicate pink Erica flowers, Protea bracts with soft lashes, fluffy fruitlets of the Wild Rosemary and much more). The last step is to laminate your creations, and we will be there to assist. Children younger than 10 years must be accompanied by an adult.



PAULINE BOHNENNATUURRESERVAAT-STAPTOG PAULINE BOHNEN NATURE RESERVE WALK

Son / Sun 22 September 09:00

Aanbieder: Christina Mars (R50)



Die Pauline Bohnen Natuurresewaat, geleë langs Stilbaai-oos en aangrensend aan Lappiesbaai, is vernoem na die plantkundige wie se ywer tot die proklamering van die bewaringsgebied gelei het. Hierdeur word die eiesoortige Fynbosplant-gemeenkappe beveilig, wat bestaan uit 'n groot aantal plantsoorte waarvan verskeie endemies is. Albertinia-sandfynbos kom voor op grondsoorte wat wissel van alkalies tot neutraal, terwyl Kalksteenfynbos op die hoërliggende gedeeltes aangetref word. Plek-plek is daar nie-standhoudende waterlope met eiesoortige plantegroei. Die staproetes is toeganklik vir almal.

Deelnemers ontmoet by die Stilbaai vliegveld se hek en sal 'n kaart ontvang wanneer hul bespreek.

The Pauline Bohnen Nature Reserve, located next to Stilbaai East and bordering on Lappiesbaai, is named after the botanist whose dedication and passion for conservation led to the proclamation of this conservation area. This resulted in the protection of the unique Fynbos vegetation types, renowned for the large number of species, including several endemics. Albertinia Sand Fynbos is supported by soil types varying from alkaline to neutral, while Limestone Fynbos occurs at higher elevations. Non-perennial water courses sustain unique vegetation. It is a comfortable walk and accessible to everyone. Participants will meet at the gate of the Stilbaai airfield and will receive a map when bookings are made.

FYNGEBAK MET FYNBOS / AFTERNOON DELIGHTS WITH FYNBOS

Son / Sun 22 September 15:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder / Presenter: Chrissie Watt (R180)



Kom ontdek die fynbos geure van boegoe, wildemalva en renosterbos saam met ons. Sit aan by 'n tafel gedek met sjokoladekoek, kaaskoek en souttert. Teug aan 'n botaniese drankie, gegeur met Kaapse Fynbos. Skink 'n koppie heuningbos tee en geniet die heerlike eetgoed. Gesels saam, vra vrae, ervaar die vars en gedroogde kruie en leer hoe om hulle in 'n paar resepte te gebruik. Kyk, luister, ruik en proe. Gaan huis toe met nuwe kennis, inspirasie en 'n dieper verbintenis met die wonderwêreld van fynbos.

Join us to discover the fynbos flavours of buchu, rose pelargonium and rhino bush. Sit down to a table laden with chocolate cake, cheesecake and savoury tarts. Sip on a botanical cocktail flavoured with Cape Fynbos. Pour a cup of honeybush tea and savour the delicious treats. Join in the

conversation, ask questions, experience the fresh and dried herbs and learn how to use them in some recipes. Look, listen, smell and taste. Go home with new knowledge, inspiration and a deeper connection with the wonder world of fynbos.

BESONDERE HEIDE VAN DIE HESSEQUA

EXCEPTIONAL ERICAS FROM THE HESSEQUA

Maan / Mon 23 Sept 09:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder/ Presenter: Ren Hoekstra (R100)



Kom ontmoet die jong en dinamiese Ren Hoekstra wat oor die afgelope jaar verskeie nuwe ontdekkings oor heide (ericas) in die Hessequa gemaak het. Hy gaan ons bekendstel aan die unieke diversiteit van heide (ericas) in ons plaaslike Fynbos. Hy deel met ons die opwinding van botaniese verkenning en vertel meer oor die proses om nuwe spesies te beskryf. Ren gaan vir ons ook 'n geheime voorsmakie van sy plaaslike navorsing gee.

Come and meet the young and dynamic Ren Hoekstra, who over the past year has made several new discoveries about heathers (ericas) in Hessequa. He will introduce us to the unique diversity of heathers (ericas) in our local Fynbos. He shares with us the

excitement of botanical exploration and tells us more about the process of describing new species. Ren will also give us a secret taste of his local research.

"SOEK-DIE-PLANTE" / "FIND-THE-PLANTS"

Maan / Mon 23 September 10:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Gesinsaktiwiteit / Family activity

Aanbieders/ Presenters: Andor Venter & Naomi van Schalkwyk (R30)



'n Opelugaktiwiteit vir oud en jonk, asook vir gesinne. Deelnemers sal 'n lys met plantname of punte ontvang, wat in die tuin gesoek moet word. As bewys moet 'n blaar van elk van die betrokke plante na die Kiosk gebring word vir bevestiging. Die deelnemer wat eerste al die regte plante opgespoor het, is die wenner! (Kinders onder 10 moet deur 'n ouer vergesel word.)

An open-air activity for young and old, as well as for families. Participants will receive a list of plant names or points of interest, to be in the garden. As evidence, a leaf of each of the relevant plants must be brought to the Kiosk for

verification. The contestant who first detects all the right plants is the winner and will receive the prize! (Children under the age of 10 must be accompanied by a parent).

Artwork: Christina Mars

DIE HESSEQUA SE BESONDERE ORGIDEË THE SPECIAL ORCHIDS OF THE HESSEQUA

Maan / Mon 23 Sept 14:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder/ Presenter: Marthinus Vosloo (R100)



Jy is waarskynlik bekend met die orgideë van Woolworths, maar hoeveel weet jy van die pragtige orgideë van die Hessequa? Marthinus Vosloo gaan ons meer vertel. Na die eerste reëns geval het in 'n area wat onlangs gebrand het, is Marthinus daar of dit nou vlakte of bergpiek is. Hy gaan gesels oor die rol van vuur, bedreigings vir orgideë en hoe om tussen soortgelyke spesies te onderskei. Hy deel ook interessante aantekeninge wat hy tydens velduitstappies gemaak het. Afhangende van waar en hoeveel orgidee-spesies gedurende die Fynbosfees blom, kan daar moontlik 'n velduitstappie wees. Hierdie reëlins sal egter eers kort voor die aanbieding bekend gemaak kan word. Deelnemers sal hul eie vervoer moet reël.



You are probably familiar with orchids from Woolworths, but how much do you know about the beautiful orchids of the Hessequa? Marthinus Vosloo is going to tell us more. After the first rains have fallen in an area that has recently burned, you will find Marthinus there, whether it is a plain or a mountain peak. He will talk about the role of fire, threats to orchids and how to distinguish between similar species. He also shares interesting notes which he made during field trips. Depending on where and how many species of orchids bloom during the Fynbos Festival, there may be a field trip. However, these arrangements will only be announced shortly before the presentation. Participants will be responsible for their own transport. Artwork: Christina Mars

LIGTE KLASSIEKE MUSIEKAAND EVENING OF LIGHT CLASSICAL MUSIC

Maan / Mon 23 September 17:30 Hoofweg-Oos 11, Stilbaai

Uitvoerings deur / Performances by: Three Times a Lady, Asters & soliste/s - (R100)



'n Lente huiskonsert van ligte klassieke musiek gelewer deur bekende sangers en instrumentaliste uit die omgewing, georganiseer deur Naomi van Schalkwyk.

A spring home concert of light classical music performed by well-known performers and instrumentalists of the area, organised by Naomi van Schalkwyk.

FOTOGRAFIEKURSUS / PHOTOGRAPHY COURSE

23-25 September 08:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder / Presenter: Richard Webb (R450 vir/for 3 sessies / sessions)



Richard Webb is 'n bekende fotograaf van Stilbaai, wat deelnemers d.m.v. praktiese ondervinding met eie kamera en selfoon gaan wys hoe om goeie foto's te neem. Die kursus bestaan uit drie opeenvolgende oggende in drie verskillende lokaliteite, vir blomme, voëls en landskappe. Dinsdagoggend begin met 'n kort inleidende praatjie in die Kiosk.

Foto: <https://learninggroup.co.za/part-time-photography-courses>

Richard Webb, the well-known photographer from Stilbaai, will guide participants on how to take good photographs with practical experience using their own cameras and mobile phones. The course consists of three sessions on three successive mornings in three different locations, for flower-, bird-, and landscape photography. Tuesday morning will start with a short introductory talk in the Kiosk at Tuin-op-die-Brak.

“HIGH TEA” MET FYNBOS / HIGH TEA WITH FYNBOS

Dins/ Tues 24 September 11:00 Gemeenskapsaal / Community Hall, Melkhoutfontein (R120)

Aanbieders / Presenters: Vroue van Melkhoutfontein / Women from Melkhoutfontein




Kom geniet ons eerste “High Tea” met Fynbos in Melkhoutfontein by die Gemeenskapsaal. Ons gaan die wins skenk aan die Melkhoutfontein Kleuterskool. Daar sal interessante eetgoed wees asook verskillende soorte Fynbostee. Gesprekke met Melkhoutfonteiners sal gehou word waar staaltjies oor die gebruik en sekere benamings van Fynbos vertel sal word.

Join us for our first "High Tea" featuring Fynbos in Melkhoutfontein at the community hall on Tuesday, September 24th at 11 AM. The proceeds will be donated to the Melkhoutfontein Pre-school. You will enjoy a variety of delicious treats as well as different types of Fynbos teas. There will also be conversations with Melkhoutfontein locals, who will share their stories on the use and unique names of Fynbos.

Foto: <https://crushmag-online.com/where-to-enjoy-a-great-high-tea-in-cape-town/>

VROLIKE VISSE, VEERSTERRE EN VEEL MEER IN DIE SKULPIESBAAI VYWERS FISH, FUN AND FEATHER STARS IN THE VYWERS OF SKULPIESBAAI

**Dins / Tue 24 September 11:30 Parkeerterrein/ Parking area Visvywers, Skulpiesbaai
Aanbieder / Presenter: Wilhelm de Beer (R90)**




Kom stap saam met die span van die Gouritz Biosfeer en Cape Nature vir 'n strandgoed en sandvoet ontdekkingstog van die seelewe vir jonk en oud. Kom met skoene wat maar kan nat word en lekker vastrap. Kinders onder die ouderdom van 6 moet asseblief deur 'n volwassene vergesel word. Vrywaringsvorme moet op terrein, voor ons begin, ingevul deur ouers of voogde van onder 18-jariges. Ons ontmoet by die parkeerterrein by die Visvywers, Skulpiesbaai (anderkant die munisipale rioolwerke).

Young and not-so-young can join the team of the Gouritz Biosphere and Cape Nature for a hands-on, wet-feet, exploration of marine life. Wear non-slip footwear which can get wet. Children under the age of 6 must be accompanied by an adult. Indemnity forms need to be signed by a parent or guardian for under 18's on site before we start. We meet at the parking area of the Visvywers, Skulpiesbaai (just past the municipal sewerage plant).

STILBAAI - 'n EDEN DEUR DIE EEUE. HOEKOM? STILBAAI - AN EDEN THROUGH THE AGES. WHY?

**Dins / Tue 24 September 14:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak
Aanbieder / Presenter: Chris Heese (R100)**



Chris Heese bespreek die faktore wat die Kaapse Suidkus oor millennia 'n geskikte blyplek vir Homo sapiens (asook hulle voorgangers) gemaak het. Hy sal ook die ontwikkeling wat plaasgevind het noem, voorspel wat ons in die toekoms kan verwag en watter onus dit op ons nasate plaas.

.....

Chris Heese will discuss the aspects which made the Cape South Coast a suitable place for Homo sapiens to live (as well as their predecessors) over millennia. He will also remark on the development that has taken place, predict what we can expect in the future and what responsibility this puts on our descendants.

ONDER DIE OPPERVLAK: DIE VERSKUILDE BIODIVERSITEIT VAN DIE STILBAAI MARIENE BEWARINGSGBIED

BEYOND THE SURFACE: THE HIDDEN BIODIVERSITY OF THE STILBAAI MARINE PROTECTED AREA

Dins / Tue 24 September 17:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak
Aanbieder / Presenter: Wilhelm de Beer (R100)



Bioloog Wilhelm de Beer van die Gouritz Biosfeer, in samewerking met Cape Nature, Stilbaai Skuba en marine fotograaf Fanus Bruwer, gee 'n visuele praatjie oor 'n paar van die algemene en skaarser seediere uit ons deel van die oseaan.

Biologist Wilhelm de Beer of the Gouritz Biosphere, in collaboration with Cape Nature, Stillbay Scuba and marine photographer Fanus Bruwer, will present a visual talk on some of the rare and not-so-rare sea creatures from our part of the ocean.

ONTDEK EN PROE FYNBOSGEURE / DISCOVER AND TASTE FYNBOS FLAVOURS

Woens/Wed 25 Sept 10:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak
Aanbieder/ Presenter: Giselle Courtney (R250)

Soek jy iets anders, inspirerend en "wow"? Die tafel word gedek vir 'n unieke Fynbosproe deur Giselle Courtney die samesteller van die South African Fynbos reeks kookkuns- en leefstylprodukte wat fynbosgeure uniek aan die Suidpunt van Afrika bevat. Weens die gewildheid van die aanbieding verlede jaar, word dit vanjaar herhaal – bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

Are you looking for something different, inspiring, and "wow"? The table is set for a unique Fynbos tasting experience with Giselle Courtney, the creator of the South African Fynbos culinary and lifestyle product range that features fynbos flavours unique to the southern tip of Africa. Due to the popularity of the presentation last year, it is being repeated this year - book early to avoid disappointment.



Celebrate your special occasion or corporate event with us in the Cape Winelands

CAPE TOWN®
FYNBOS
EXPERIENCE

WERNER FREHSE NATUURESERVAAT-STAPTOG WERNER FREHSE NATURE RESERVE WALK

Woens /Wed 25 September 14:30

Aanbieder / Presenter: Christina Mars (R50)



Die Riversdal-omgewing is bekend vir die plantegroei-verskeidenheid. Die Werner Frehse Natuureservaat geleë wes van Riversdal langs die N2-roete, is deur Werner Frehse, die dorpsingenieur, ontwikkel tydens die middel van die vorige eeu en is in 1975 na hom vernoem. Die Reservaat spog met, onder andere, 'n besondere versameling van plaaslike aalwyn- en vygiesoorte. Die unieke Silcrete-Renosterveldplantegroei op die plato sal besoek word. Dit is 'n gemaklike staptog en toeganklik vir almal. Sorg asseblief vir jou eie vervoer na Riversdal. Deelnemers ontmoet by reservaat se hek en sal 'n kaart ontvang wanneer bespreking gemaak word.

The areas around Riverdale are known for its diverse vegetation. The Werner Frehse Nature Reserve, located to the west of Riversdale next to the N2 route, was developed by Werner Frehse, the town engineer, during the middle of the previous century and was named after him in 1975. The Reserve boasts, among others, an exceptional collection of local Aloes and mesembs or "vygie" species. The unique Silcrete-Renosterveld vegetation on the plateau will be visited on this walk. It is a comfortable walk and accessible to everyone. Please provide your own transport to Riversdale. Participants will meet at the entrance gate to the reserve and will receive a map when reservation is made.

AANDETE MET FYNBOSGEURE BY HULLE-BY-DIE-SEE DINNER WITH FYNBOS FLAVOURS AT HULLE-BY-DIE-SEE

Woens / Wed 25 September 18:00, HULLE-BY-DIE-SEE Restaurant (R375)



Kom proe en geniet 'n driegang-ete voorberei deur Kokkedoor sjef Tjaart Prinsloo en Giselle Courtney die samesteller van die South African Fynbos reeks kookkuns en leefstylprodukte. Dit gaan 'n unieke, verrassende en besondere ervaring wees.




Come and taste and enjoy a three-course meal prepared by Kokkedoor chef, Tjaart Prinsloo and Giselle Courtney, the creator of the South African Fynbos culinary and lifestyle product range. It promises to be a unique, surprising, and exceptional experience!

ROTSKUNS EN LEGENDES VAN DIE OMGEWING

ROCK ART AND LEGENDS OF THE AREA

Don / Thu 26 September 10:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder / Presenter: Renée Rust (R100)



Argeoloog Renée Rust doen reeds die afgelope 30 jaar navorsing i.v.m. die rotskuns in die Klein Karoo, Suid-Langeberge, Outeniquaberge, asook Klasiesriviergrotte aan die Suidkus. Haar boek, saam met Jan van der Poll *Water, Stone and Legend* is in 2011 uitgegee en sy sal praat oor rotskuns en legendes van die omgewing. Tans doen sy navorsing op fossielspore saam met Chris Helm.

Archaeologist, Renée Rust has been doing research on rock art in the Klein Karoo for the past 30 years. Her research focusses on the Southern Langeberg Mountains, Outeniqua Mountains, as well as the Klasies-river caves along the South Coast of South Africa. Her book, together with Jan van der Poll; Water, Stone and Legend was published in 2011. Currently, she is doing research on fossil tracks with Chris Helm.

BLOMMEKUNS-INSTALLASIES MET FYNBOS

FLOWER ART INSTALLATIONS WITH FYNBOS

Don / Thu 26 September 14:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieder / Presenter: Diederick Geldenhuys (R180)



Kom ervaar hoe die gesogte blomkunstenaar, Diederick Geldenhuys, gebruikmaak van die skatkis van fynbos uit die Hessequa om kreatiewe blominstallasies te skep. Jy sal verstaan hoekom sy werk so hoog in aanvraag is.

Come and experience how famous flower artist, Diederick Geldenhuys, uses the treasure chest of Fynbos flowers from the Hessequa area to create artistic flower installations. You will then comprehend why his work is so sought after.

SUID-AFRIKA SE PRAGTIGE PROTEAS THE BEAUTIFUL PROTEAS OF SOUTH AFRICA

Vry / Fri 27 September 09:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieders / Presenters: Naomi van Schalkwyk & Andor Venter (R100)



Die bekende *Protea*-genus is eg Suid-Afrikaans en bestaan uit ongeveer 400 spesies, wat hoofsaaklik in die Weskaap voorkom. Interessante feite en stories aangaande hierdie pragtige, majestueuse plante sal gedeel word. Die spesiale verhouding tussen Proteas en die Kaapse suikervoël asook die Suikerbekkies sal verduidelik word.

The well-known genus Protea is typically South African and includes about 400 species, mainly to be found in the Western Cape. Interesting facts and stories pertaining to these beautiful and majestic plants will be shared by plant experts Naomi van Schalkwyk and Andor Venter. The special relationship between Proteas and the Cape sugarbird as well as the Sunbirds will be explained as well.

BYE SE BELANGRIKE ROL IN FYNBOS & HEUNINGPROE / IMPORTANCE OF BEES IN FYNBOS & HONEY TASTING

Vry / Fri 27 September 11:00 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak (R150)

Aanbieder / Presenter: Jacques van Rensburg



Bye speel 'n sleutelrol as bestuiwers in die natuurlike omgewing, ook in die unieke Fynbos. Sonder bye sal baie van die inheemse plantsoorte uitsterf. Die smaak en kenmerke van heuning word bepaal deur die plantsoorte en dikwels ook die omgewing van waar die nektar afkomstig is. Hierdie verskille kan *geproe* word in die Fynbosheuning wat aangebied sal word.


Foto: Bees can do so much more than you think (dailymaverick.co.za)

Bees play a key role as pollinators in the natural environment, and in the unique Fynbos. Without bees, many of the native plant species will become extinct. The taste and features of honey are determined by plant species and often also the environment from where the nectar was collected. Participants can taste these differences in the Fynbos Honey that will be offered.

FYNBOSVOËLS VAN HESSEQUA & 'n SKEMERKELKIE MET FYNBOS FYNBOS BIRDS OF HESSEQUA & A COCKTAIL WITH FYNBOS

Vry / Fri 27 September 17:30 Kiosk, Tuin-Op-Die-Brak

Aanbieders / Presenters: Johan van Rooyen & Chrissie Watt (R250)



Die Kaapse Fynbos is 'n unieke plantegroei-soort. Die voëls in hierdie streek speel 'n belangrike rol in die bestuiwing van blomme, onder andere die Proteas en Erica-soorte en is spesiaal aangepas vir hierdie rol. 'n Aantal van hierdie pragtige voëlsoorte kom slegs in hierdie streek voor.

Julle word uitgenooi na 'n baie spesiale skemer kelkie geleentheid by Tuin-op-die-Brak, waar Johan van Rooyen van die U3A Stilbaai Voëlgroep julle meer sal vertel omtrent hierdie wisselwerking tussen fynbos en voëls. Fynboskok Chrissie Watt sal jou bederf met 'n verskeidenheid happies terwyl jy 'n skemer kelkie geniet en

meer leer oor die wonderwêreld van Fynbosgeure.

Foto: Muller Dirker, Stilbaai

The Cape Fynbos is a unique type of vegetation. The birds of this region play an important role in the pollination of the Proteas and Erica species, amongst others, and are specially adapted for this interaction. A number of these beautiful species of birds are endemic to this region.

Enjoy a unique cocktail-reception at Tuin-op-die-Brak, where Johan van Rooyen of the U3A Stilbaai Bird Group will tell you more about the interaction of birds and fynbos and Fynbos-chef, Chrissie Watt will spoil you with an assortment of fynbos-inspired canapes whilst you sip on a cocktail and learn more about the wonderful world of Fynbos flavours.



SPYSKAART / MENU

Kraakbeskuitjies / Crackers
Bloublomsalie ricotta en heuning /
Mountain sage ricotta with honey
Kapokbos sampioenpatee /
Snow bush mushroom pâté
Knoffel en boegoe hummus /
Garlic and buchú hummus
Beet en wildemalva blini /
Beetroot and rose pelargonium blini
Boerenkaas en suurvykonfyt happies
Boerenkaas and sourfig bites

'n Verskeidenheid van 3 skemer kelkies - 2 nie-alkoholiese opsies / A selection of 3 cocktails - 2 non-alcoholic

STAPTOG OP LUNSKLIPPLAAS / LUNSKLIP FARM WALK

Sa 28 September at 14:30 Ontmoet by: / Meet at: Entrance of Lunsklip Farm
Aanbieder / Presenter: Christina Mars (R60)



Die plaas LUNSKLIP, is noordoos van Stilbaai en suid van Albertinia geleë, en is al vir ses geslagte in die Kleinhans-familie. Met bewuswording van die ernstige bedreiging wat boerderypraktyke en indringerplante inhou, het die huidige eienaars met 'n bewaringsprojek begin deur stelselmatig al die indringerplante uit te roei sodat die natuurlike plantegroei, hoofsaaklik Kalksteenfynbos en Albertinia-sandfynbos, kan herstel. Verskillende staproetes is uitgelê sodat besoekers die groot verskeidenheid plantsoorte in 'n landelike omgewing kan geniet. Die roetes is nie moeilik nie, maar mense wat van kieres afhanklik is of kinders jonger as 5 jaar moet dit verkieslik nie aandurf nie. Deelnemers ontmoet by die hek van die Lunsklip roete en sal 'n kaart

ontvang wanneer die bespreking gemaak word.

The farm LUNSKLIP, situated to the northeast of Stilbaai and south of Albertinia, has been in the Kleinhans family for six generations. Becoming aware of the serious threat posed by farming practises and invasive plants, the owners started a conservation project by systematically eradicating the invaders, thus promoting the restoration of the natural vegetation. Hiking trails were laid out for visitors to enjoy the natural vegetation and diversity of plant species in a rural setting. The vegetation consists mainly of Limestone Fynbos and Albertinia Sand Fynbos. The walks are not difficult, but visitors who use walking sticks and children younger than 5 years should preferably not participate. Participants will meet at the gate of the Lunsklip route and will receive a map when reservation is made.

VERGELEGEN WYNPROE EN AANDETE VERGELEGEN WINE TASTING AND DINNER

Sa 28 September 17:00 Goukou Restaurant & Deli (R450)



Vergelegen is meer as 300 jaar oud en een van ons "Conservation Champions" wynlandgoedere wat meer as 2 000 hektaar bewaar vir Fynbos en wat ook by vele ander bewaringsprojekte betrokke is. Kom kuier en proe hul heerlike wyne saam met ons en Eben Olderwagen, omgewingsbestuurder by Goukou Restaurant op Saterdag 28 September, waar hy ons meer gaan inlig oor hul projekte.




Vergelegen Estate is over 300 years old and one of WWF's "Conservation Champions" wine estates. Vergelegen preserves more than 2000 hectares of Fynbos and is involved in many other conservation projects. Come and join us and Eben Olderwagen, environmental manager, to taste their prestigious wines at Goukou Restaurant on Saturday, 28 September at 17:00, where he will inform us more about their projects.

DANKIE AAN ONS BORGE / THANK YOU TO OUR SPONSORS



ANDER AKTIWITEITE / OTHER ACTIVITIES:



origins of tastes

foraging hiking & cooking tours
LED BY DR JAN DE VYNCK
PHD, PALAEO-ECOLOGIST

e-mail: origins.of.tastes@gmail.com

m: (+27) 082 684 4461

@ origins_of_tastes



~ Discover the origins of tastes ~

Join Palaeo Ecologist, Dr Jan de Vynck in Still Bay for exclusive private foraging hiking tours



origins of tastes

foraging hiking & cooking tours
LED BY DR JAN DE VYNCK
PHD, PALAEO-ECOLOGIST

Entry package
R 535 per person

Minimum 4 people per tour / Maximum 14 people per tour

- 09H00: Blombos Museum of Archaeology presentation by Dr de Vynck on the origins of cognitively modern humans & the uniqueness of the Cape Floristic Region for hunter-gatherers.
- 09H20: A foraging hike return trip from Blombos museum of Archaeology. Dr de Vynck guides visitors along the Goukou river where over 20 species have been identified.
- 10H50: Back at Stilbaai Tourism for a rest & freshening up.
- 11H00: Feeding of the Eels by Stilbaai Tourism
- 11H30: Departure

Please bring - sunblock, a hat, comfortable walking shoes & comfortable clothing. 500ml water will be supplied per person for the hike.

Milkwood TOURS & MARKETING

"Let's go somewhere..."
tours made for you

Scan the QR code!


DISCOVER STILBAAI in a day ...

Enjoy a full-day, guided tour of Stilbaai
(admission fees, meals, tips & tasting fees excluded)
R220 per adult/R140 per child under 16 - transport provided
R180 per adult/R80 per child under 16 - self drive

The places we visit & things we do:

- The ancient fish traps @ Skulpiesbaai Reserve
- Roland Rudd Birdhide
- Ancient shell midden & Wafra boat wreck
- Steentjie beach
- Eel feeding @ Tourism bureau
- Plattebosch historic school
- Blombos Archaeology museum
- Visit to an olive estate
- Tuin-op-die-Brak Fynbos park
- Stilbaai Gallery (art)
- Preekstoel beach
- Inverroche gin
- Kasselshoop cheese

Reservations: 072 417 4527 - 24 hours advance
info@milkwoodtours.co.za
NO SUNDAY TOURS





Emotions

@
Gratitute Expo

**11 Main Street Stilbaai East
(Opp. "Tuin op die brak")**

10H00-16H00-Monday to Friday
10H00-15H00-Saturday
Sunday-Closed

21-28 September

0722224168

Emotions

A collection of work inspired by nature

Featuring Artists

Marina Stadler
Sonja Margerison
Ria Holliday
Fanie Swanepoel

21-28 September 2024

11 Main Street East (Opp "Tuin op die Brak")
0722224168

Blombos
Museum of Archaeology
STILBAAI
28 Langenhoven Street, Still Bay West
South Africa
Manager.Center@hhcfa.org.za
+27 (0)28 754 2602

Heritage Day treasure hunt & rock painting!
Erfenisdag skattejag & rotsverf!

Tuesday, 24 September 24, Dinsdag
Argeologie Blombos Museum of Archaeology
Grades/Grade 4 - 7
09:00 - 13:00
R. 30 pp
(includes treasure hunt, eel feeding, rock painting & snacks/
sluit skattejag, palingvoer, rotsverf & eetgoed in!)

FUN

**Kaartjies / Tickets: Stilbaai Tourism
028 - 754 2602**

-  A treasure hunt/n Skattejag
-  A real eel feeding experience/
'n ware palingvoererervaring
-  Create your own rock painting
using real ochre!
Verf jou eie rots met regte oker!
-  Learn more about food from the sea/
Leer meer oor kos uit die see

PROGRAM

Vrydag 20/9		Plek/Venue	R/pp
18:00	OPENING	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	Genooide gaste
Sat 21/9			
08:30	Fynbos Hol (Stap / Pretdraf) Fynbos Hol (Fun Run / Walk)	Tuin-op-die-Brak	R30
08:30 – 14:00	Opedag/ Open Day Tuin-op-die-Brak Opwipwinkel & Plantverkope / Popup shop & Plant Sales	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	
11:00 – 12:00	Opening Kunsuitstalling / Art Exhibition opening	Stilbaai Galery	Gratis/Free
15:00 – 16:30	Kunsvlyt met Fynbos/ Arts and craft with Fynbos	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R60
Son/Sun 22/9			
09:00- 10:30	Begeleide Stap Pauline Bohnen Natuurreservaat / Guided Walk Pauline Bohnen Nature Reserve	Ontmoet by die hek van die Stilbaai vliegveld/Meet at the gate of the Stilbaai airstrip	R50
15:30 – 16:45	Fyngebak met Fynbos (Smulhappies & demonstrasie) / Afternoon Delights with Fynbos (Cake, snacks, etc & demonstration)	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R180
Ma/Mon 23/9			
09:00- 10:00	Besondere Heide van die Hessequa Exceptional Ericas of Hessequa	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R100
09:00 – 16:00	Kunsuitstalling / Art Exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
10:00 – 11:00	Soek-Die-Plante (pret gesinsaktiwiteit, kinders 10 & ouer) Plant Search (fun family activity, children 10 & older)	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R30 (child) R50 (adult)
14:30 -16:00	Hessequa se Besondere Orgidieë / Special Orchids of the Hessequa	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R100
17:30	Ligte Klassieke Musiekaand Evening of Light Classical Music	Hoofweg-Oos 11/ 11 Main Road East	R100

Di/Tues 24/9			
08:30	Fotografiekursus (kursus bestaan uit 3 dele): Deel 1: Blomme Photography Course (consists of 3 sessions): Part 1: Flowers	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R450 for course with 3 sessions
09:00 – 16:00	Kunsuitstalling / Art Exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
11:00	“High Tea” met Fynbos / High Tea with Fynbos	Melkhoutfontein Gemeenskapsaal	R120
11:30	Vrolike Visse, Veersterre en Veel Meer in die Skulpiesbaai Vywers (begeleide uitstappie) / Fish, Fun and Feather Stars in the Vywers of Skulpiesbaai (guided outing)	Ontmoet by parkeerarea by Stilbaai Visvywers, Skulpiesbaai / Meet at parking area at Stilbaai Visvywers, Skulpiesbaai	R90
14:30	Stilbaai ‘n Eden deur die eeue. Hoekom? Stilbaai an Eden over centuries. Why?	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R100
17:30	Onder die Oppervlak: die Verskuilde Biodiversiteit van die Stilbaai Mariene Bewaringsgebied / Beyond the Surface: the Hidden Biodiversity of the Stilbaai Marine Protected Area	Tuin-op-die-Brak Kiosk (ToB)	R100
Wo/Wed 25/9			
08:30	Fotografiekursus (kursus bestaan uit 3 dele): Deel 2: Voëls Photography course (consists of 3 sessions): Part: 2 Birds		
09:00 – 16:00	Kunsuitstalling / Art Exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
10:00	Ontdek en Proe Fynbosgeure / Discover and Taste Fynbos flavours	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R250
14:30	Werner Frehse Natuurresewaat (Riversdale): Begeleide staptog / Werner Frehse Nature Reserve (Riversdale): Guided walk	Eie vervoer na Riversdale, ontmoet by ingangshek / Own transport to Riversdale, meet at entrance gate	R50
18:00	Aandete met Fynbosgeure aangebied deur Kokkerdoor Sjef Tjaart Prinsloo en Giselle Courtney / Dinner with Fynbos Flavours presented by Kokkedoor Chef Tjaart Prinsloo and Giselle Courtney	Hulle By Die See Restaurant	R375

Do/Thu 26/9			
08:30	Fotografiekursus (kursus bestaan uit 3 dele): Deel 3: Landskappe Photography course (consists of 3 sessions): Part 3: Landscapes		
09:00 – 16:00	Kunsuitstalling / Art Exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
10:00 – 11:00	Rotskuns en Legendes van die Omgewing / Rock art and Legends from the Area	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R100
14:30 – 15:30	Blommekunsinstallasies met Fynbos (demonstrasie)/ Flower Art Installations with Fynbos (demonstration)	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R180
Vry / Fri 27/9			
09:00- 10:00	Suid-Afrika se Pragtige Proteas/ The Beautiful Proteas of South Africa	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R100
09:00 – 16:00	Kunsuitstalling / Art Exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
11:00 – 12:00	Bye se Belangrike Rol in die Fynbos: Praatjie & Heuningproe / The Important Role of Bees in the Fynbos: Talk & Honey Tasting	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R150
17:30	Voëls in ons Fynbos & Skemerkelkie met Eksotiese Fynboshappies / Birds in our Fynbos & Sundowner with Exotic Fynbos Snacks	Tuin-op-die-Brak Kiosk	R250
Sat 28/9			
09:00 – 13:00	Kunsuitstalling / Art exhibition	Stilbaai Galery, 50 Osler st	Gratis / Free
14:30	Lunsklip: Begeleide Stap / Lunsklip: Guided Walk	Ontmoet by Lunsklip ingangshek/Meet at Lunsklip entrance gate	R60
18:00	Aandete by Goukou Restaurant & Deli met Wynproe deur Vergelegen / Dinner at Goukou Restaurant & Deli with Wine tasting by Vergelegen	Goukou Restaurant & Deli, Stilbaai-Wes/ Goukou Restaurant & Deli, Stilbaai-Wes	R450

VIR BESPREKINGS / FOR RESERVATIONS:

QUICKET: <https://qkt.io/6qCIN8>



Quicket
EXPERIENCE AWESOME

QUICKET: <https://qkt.io/6qCIN8>

Indien u hulp met Quicket nodig het kan u Fynbos Apteek in Stilbaai besoek waar Lizette, Danele of Diane u kan bystaan. Neem u bankkaart en selfoon met die bank applikasie saam.

Should you need assistance with Quicket you can visit Fynbos Pharmacy in Stilbaai where Lizette, Danele or Diane can help. Take along your bank card and cell phone with the banking app loaded.

**Algemene navrae : Maandae - Vrydae 09:00 – 17:00 – Mariaan 072 417 4527 of
info@milkwoodtours.co.za**

General enquiries: Monday - Friday 09:00 – 17:00 : 072 417 4527 of info@milkwoodtours.co.za